# Les 18 ABRAM VOLG DIE ROEPING EN BELOFTES VAN DIE HERE, MAAR LOT VOLG GELD EN ’n GEMAKLIKE LEWE

Kom ons lees die geskiedenis van Abram en sy broer se seun, Lot!

Genesis 13 *”Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom.* [2] *Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud.* [3] *Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai,* [4] *die plek waar hy vroeër ’n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeroep.*[5] *Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en tente vir sy mense gehad.* [6] *Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon nie bymekaar bly nie.* [7] *Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Daar het toe ’n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s’n.* [8] *Toe sê Abram vir Lot: “Daar behoort nie ’n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie.* [9] *Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links.”*[10] *Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos ’n tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik nog voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het.* [11] *Lot het die hele Jordaanstreek vir hom gekies en hy het ooswaarts versit. So het die twee van mekaar geskei:* [12] *Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan.* [13] *Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.*[14] *Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: “Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste.* [15] *Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag.* [16] *Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word.* [17] *Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou.”* [18] *Abram het sy tente versit en gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron. Daar het hy ’n altaar vir die Here gebou.”*

## 1. Twee ryk boere se grond word te klein

Abram was ’n ryk trekboer. ’n Trekboer trek altyd rond agter goeie weiding aan vir sy vee. As die veld mooi is, dan bly hulle daar saam met hulle beeste, skape en bokke. As die weiding opraak, dan trek hulle verder. Abram se broerskind, Lot, het ook saam met Abram getrek. Ook sy vee het baie geword en hy was ryk.

Die land waarin Abram en Lot rondgetrek het, was soos ons Karoo in die Kaap. Dit is baie droog, met bossies. Daar is nie baie kos vir beeste, skape en bokke nie. En Abram en Lot se vee word net meer en meer.

Wat gebeur nou? Die veewagters begin om met mekaar te baklei, want die bossies is nie genoeg vir al die diere nie en hulle moet al verder en verder loop om kos te soek. Dit maak hulle moeg en kwaad. Elkeen baklei vir sy eie diere om genoeg kos te kry.

Die grond het te klein geword vir twee ryk boere om al twee op te boer!

**2. Abram vind 'n oplossing vir die probleem**

Wat doen Abram? Hy sien wat is die probleem en kry 'n oplossing – hulle moet wegtrek van mekaar. Dit is wat gelowiges maak as hulle met mekaar begin stry en baklei. Hulle soek na die rede vir die gestry en baklei. As hulle die rede gekry het, dan werk hulle 'n oplossing vir die probleem uit. Hulle probeer nie die gestry en baklei wen nie.

Die oplossing vir die gestry en baklei is nie vir Abram maklik nie. Hy het geweet die Here het beloof dat hy en sy vrou Sara sal kinders kry – al is hulle te oud om kinders te hê. Maar dit was moeilik vir hom om te glo dit kan waar word, so hy het maar sy broer Haran se seun, Lot, saamgevat. Hy het gedink Lot sal maar sy kind wees omdat hulle te oud is om self kinders te hê. Nou moet hierdie seun trek – en hy en Sara alleen wees sonder kinders.

Abram se oplossing beteken hy het nou besluit om te glo die Here sal Sy beloftes waarmaak – en hy wat Abram is, moet nie probeer om self die beloftes van die Here waar te maak nie.

Omdat hy glo die Here sal sorg – kry hy 'n moeilike oplossing wat die stryery en bakleiery sal stopsit. Hulle moet elkeen in hulle eie rigting trek en ver uit mekaar bly.

**3. Lot dink vinnig en kies geld en 'n maklike lewe**

Abram en Lot het bo-op 'n heuwel gestaan en kyk na grond in alle rigtings. Abram was die oom, en Lot die broerskind. Wie moes eerste kans gehad het om te kies? Die oudste! Dit is hoe dit eintlik moet werk – die oudste kies eerste! Kyk wat doen Abram – hy laat Lot eerste kies.

Lot kyk rond en hy sien aan die een kant is die wêreld droog en klipperig, en aan die ander kant is die wêreld groen, met baie waterstroompies en 'n groot rivier: die Jordaanvallei. Die Woord van die Here sê". *"10 Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos 'n tuin van die Here, soos Egipte*." Hy sien die Jordaanvallei lyk net soos die tuin van die Here. Dit lyk net soos die Paradys! Maar dit lyk vir hom ook net soos Egipte met die groot Nylrivier wat nooit opdroog nie en altyd water het, al is daar droogtes.

En dadelik besluit hy – dit is waarheen hy trek. Die plek waar hy maklik kan leef en gou-gou en maklik baie geld sal kan maak. Dit is hoe hy die Jordaanvallei gesien het.

Wat het hom na hierdie plek, die Jordaanvallei, getrek? Drome van maklike geld en ’n maklike lewe! Dit is waaragter Lot aantrek – agter dit wat hy raaksien as maklike geld en ’n maklike lewe. Hy trek agter geld aan!

**4. <u>Lot sien nie meer die belofte van die Here en die slegte mense raak nie</u>**

Toe Lot so na die mooi groen gras en bome en al die mooi spruitjies en groot rivier kyk, wat het hy nie raakgesien nie?

Kyk wat sê vers 13: “ *Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.* ” Hy het nie gesien dat die mense sleg was nie. Hulle was mense wat baie sonde gedoen het. Hulle het nie in God geglo nie en geleef net soos hulle wil. Die Bybel noem dit goddeloos en wetteloos. Hulle het met mense gemaak net wat hulle wil: hulle sleggesê, hulle seergemaak, hulle goed gevat, hulle nie gesteur aan wat reg is nie en daarvan gehou om hulle begeertes met mekaar te bevredig. Aan God het hulle nooit gedink nie en gemaak en geleef asof Hy nie bestaan nie. Lot het dit nie raakgesien nie – en tussen hulle gaan bly.

Maar daar is nog iets wat Lot nie raakgesien het nie. Dit was ’n land buite die belofte van die Here aan Abram. Die Here het beloof dat Hy die land Kanaän aan Abram sal gee. Die land wat Lot gekies het, is ’n land buite die belofte van God.

Wat wys dit vir ons? Dit wys vir ons dat Lot nooit aan die Here gedink het, of aan die beloftes van die Here nie. Hy het nie gedink: “Ek behoort aan die Here en die Here sal vir my sorg” nie. Hy het nie aan die Here se roeping gedink dat hy moet wegtrek van afgode en die Here moet dien nie.

Hoekom sien Lot nie die slegte mense waartussen hy gaan bly raak nie en hoekom sien hy nie dat dit buite die Here se roeping vir hom is nie? Hoekom sien hy net die maklike geld en maklike lewe raak?

Want hy dink nie aan die Here nie: dat die Here hom roep om weg te trek van afgode en te trek om die Here te dien met sy werk en gesin nie. Hy sien nie dat die Here hom sal versorg en dat hy die Here moet dien nie.

Daarom sien hy net geld en ’n lekker lewe en nie hoe sleg die mense is waar al die geld en lekker lewe is nie.

**5. <u>Abram kies om God te dien – al is dit moeilik en eensaam</u>**

Abram kies om die Here te dien – en daarom is hy bereid om in die droë en klipperige land te gaan bly. Daarom gee hy nie om vir die maklike lewe wat Lot kies nie. Hy sien iets anders raak as Lot – hy sien raak dat God vir hom sorg en dat God altyd al sy beloftes sal waar maak, al is dit in ’n klipperige en droë land.

Daarom is hy ook bereid om weer sonder die seun wat hy gedink het sy erfgenaam sal wees, alleen te wees en te glo dat God vir hom en Sara sal kinders gee, al is hulle oud.

Hy sien dit alles raak – omdat hy glo in die Here en die beloftes dat die Here vir hom sal sorg.

Daarom kom die Here en bevestig weer dat Hy Abram sal versorg – al lyk die land te droog en te klipperig om in te bly. Kyk wat sê die Here vir hom: *"Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste.* [15] *Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag.* [16] *Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word.* [17] *Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou."*

**6. <u>Twee maniere om te trek: agter jou roeping aan of agter geld aan</u>**

Wat sien ons in dit wat Abram en Lot gedoen het?

Daar is twee dinge wat mense aantrek: Lot was aangetrek deur maklike geld en 'n maklike lewe. Omdat dit hom aangetrek het in sy hart en gedagtes, het hy getrek na waar dit vir hom gelyk het na 'n plek waar hy vinnig en maklik geld kan maak, en gemaklik kan leef.

Abram was aangetrek deur die roeping van die Here. Om die Here te kan dien en vir die Here te kan leef – dit het hom aangetrek. Daarom kan hy in 'n moeilike gebied intrek en sukkel met sy boerdery. Hy sien kans vir groot en moeilike uitdagings. Hy weet dit is hoe hy vir die Here kan leef, weg van slegte mense af.

**7. <u>Wat jou aantrek, gaan jou laat trek</u>**

Waarheen gaan mense trek wat voel hulle wil vinnig baie geld maak en gemaklik leef sonder gesukkel en baie moeite? Hulle trek na plekke waar dit lyk asof daar maklike geld en 'n maklike lewe is.

Waarheen gaan mense trek wat voel hulle wil die Here dien met die talente, tyd en geleenthede wat die Here vir hulle gee? Hulle gaan trek na plekke waar hulle die Here kan dien en vir Hom leef – al is dit nie maklik nie, en al lyk dit asof hulle baie swaar gaan kry. Hulle sien kans vir groot uitdagings en baie probleme.

Daarom moet ons baie goed kyk wat trek ons na plekke toe en hoekom gaan ons na plekke toe. As maklike geld en 'n maklike lewe jou trek – sal jy nooit al die ander slegte mense sien wat ook op die plek is nie. Want slegte mense soek altyd na vinnige geld en 'n gemaklike lewe sonder moeite en swaarkry.

As jou diens en lewe vir die Here jou aantrek – sal jy moeilike keuses kan maak, al beteken dit dat jy bietjie alleen en eensaam gaan wees as jy jou keuses maak. Jy sal ook kans sien vir groot uitdagings en moeilike omstandighede – want terwyl ander mense net die klippe en droë veld sien – gaan jy die beloftes van die Here in jou lewe raaksien: God sorg vir my en ek gaan die Here dien.

**8. <u>Opdrag</u>**

Gaan vra bietjie vir Pa en Ma wat dink hulle: mense wat trek – trek hulle agter hulle dienswerk en roeping van die Here aan, of trek hulle agter maklike geld en 'n maklike lewe aan?

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog